**Donderdag 9 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 24:1-18; Matteus 26:27, 28**
**Fokusgedeelte: Eksodus 24:6-8**
**Die verbondsluiting met bloed bekragtig**

Die Here het sy volk uit Egipte bevry en bring hulle by die Sinai-berg om met hulle sy verbond te sluit. Hier word Israel nou amptelik die volk van God, en God word die God van Israel.

In Eksodus 24 word die formele verbondsluitingseremonie vir ons in terme van die ooreenkoms van destyds beskryf. Die Here se gebooie en bepalings word aan die volk bekendgemaak. Die volk belowe dat hulle alles sal doen wat die Here beveel het, en daarna word alles deur Moses neergeskryf.

Die volgende oggend vind die formele verbondsluitingseremonie plaas. Daar moet ’n altaar wees. Sentraal tot die verbondsluiting lê die simboliek van bloed. Daar moet geoffer word. Daarsonder is die verhouding tussen die heilige God en sondaarmense nie moontlik nie. Lewe van diere wat in die plek van sondige mense moet vloei.

Die helfte van die bloed van die offerdiere word in bakke opgevang en op die altaar versprei. Dit dui op God se betrokkenheid by die verbond. Die ander helfte van die bloed word oor die volk besprinkel en so kry die volk deel aan die verbond. *“Dit is die bloed van die verbond wat die Here op grond van al hierdie gebooie met julle gesluit het.”* ’n Nuwe verhouding tussen die Here en sy volk ontstaan as gevolg van bloed wat gevloei het.

Baie jare later – op die aand voor die Lam van God aan die kruis op Golgota geoffer sou word, het ons Here Jesus Christus die beker geneem *en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, het Hy dit vir hulle gegee en gesê: “Drink almal daaruit”, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.*

Deur sy bloed kry sondaarmense soos ek en jy deel aan die nuwe verbond. Jy het God se kind geword en God het jou God geword. Lewe binne dié verhouding in gehoorsaamheid.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)*